

# FamilieTuisblad

8 - 14 September 2019



in samewerking met **nous. org.za**

**Filemon vers 11**  
Voorheen was hy vir jou nie bruikbaar nie,  
maar nou is hy baie bruikbaar...

**fokus  
vers**

**TEMA**  
van die week

'n **Tweede** kans,  
'n **nuwe** begin!

**So:** Filemon vers 1-21  
**Ma-Di:** Psalm 139: 1-6, 13-18  
**Wo-Do:** Jeremia 18: 1-11  
**Vr-Sa:** Lukas 14: 25-33

**BYBEL  
tyd**

**BID  
tyd**

### Dankgebed (Gebed voor ete)

Dankie dat U vir ons omgee en sorg, sodat ons kos het om te eet. Amen.

### Oorgee-gebed

Ek kies om U te volg, al kos dit my ook alles. Amen.

### Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)

Mag jy vandag vir Jesus volg, ongeag die prys. Amen.

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

### Raakvat vra:

- ✦ Filemon was 'n leidende figuur in die gemeente in Kolosse. Paulus skryf sy brief aan Filemon terwyl hy onder huisarres is in Rome in 62 n. C. Dit is eintlik meer 'n getuigskrif as 'n brief.
- ✦ Ons leer in die brief hoe om iemand anders met genade te hanteer. Hoe om vir iemand 'n nuwe kans te gee. Paulus is ook baie erkentlik met Filemon en praat ook baie mooi met hom. *Alles gaan dus daaroor hoe ons met mekaar praat.*
- ✦ Het dit in jou lewe ook al gebeur dat jou houding teenoor ander mense verander het omdat Christus jou verhouding met God nuut gemaak het?

**GESELS  
tyd**

Ons gesels saam  
oor ons lewe en  
geloof

**SPEEL  
tyd**

Ons spandeer  
kwaliteit-tyd saam

Tydens 'n gesamentlike maaltyd of kuier, speel julle 'n kosteberekening - speletjie. Dit werk so: Elke keer wanneer jy praat of 'n sin sê, mag jy net vyf woorde gebruik. Na vyf woorde moet die sin klaar wees. As jy nog wil praat, moet jy eers wag, sodat almal kan seker wees jy het net vyf woorde in die sin gebruik. Julle kan oor enigiets praat, en selfs stories vertel. Hou egter streng by die reëls: Almal moet eers mooi bereken watter woorde hulle gaan gebruik, want jy het net 5 per sin. Hoe praat 'n mens anders as jy jou woorde tel? Hoe tree mens anders op as jy die koste bereken het?

**DOEN  
tyd**

Ons oefen ons  
geloof op 'n  
praktiese manier

Dit is vroeg - lente. Hou 'n "spring - clean" in die huis. Doen weg met al die bruikbare items wat julle nie meer werklik nodig het nie. Skenk dit vir 'n instansie of persone wat dit nodig het.

Vertel mekaar kortliks teen die einde van die dag of daar iets is wat jy anders in die dag gedoen het omdat jy 'n volgeling van Jesus is.

**LEEF  
tyd**

Ons leef ons  
geloof heelweek  
uit